

Sondag 24 Januarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium
8:1-20

Fokusgedeelte: Deuteronomium
8:5 (1933/53-vertaling)

Die getroue God onderrig sy kinders

By 'n verbond of ooreenkoms is daar verskillende partye betrokke. God het met die volk wat Hy gekies het 'n eensydige genadeverbond opgerig waarvan die uitwerking tweesydig is. In 'n verbond is daar altyd 'n belofte en 'n eis. Die wonderlike troos is dat God nooit sy beloftes aan sy volk kan en sal verbreek nie, maar net so ook die eise wat Hy in die verbond gestel het.

In Deuteronomium 8 bevestig God die belofte van 'n goeie land (vs 1, 7-10), maar eis geloof, gehoorsaamheid en bekering! Sy genade is so groot dat Hy ook sy volk onderrig en lei in die eise van geloofsgroei en bekering. Hierdie onderrig geskied deurdat God sy volk deur beproewinge lei tot verootmoediging. Hy roep hulle op om sy werk met hulle in die verlede (vs 2-4) te onthou, in die hede te erken (vs 5, 6) en die toekoms dankbaar af te wag (vs 7-10).

God se verbond is 'n ewige verbond wat Hy in Christus met ons ook gesluit het. Die verbond het in en deur Christus beloftes en eise vir ons. Omdat God nie sy verbond kan verbreek nie, onderrig Hy vandag nog sy kinders deur beproewinge heen om in Christus te wandel. Omdat sy kinders van nature swak is, het Hy sy Woord en Gees gestuur om ons oë te rig op Jesus Christus en ons te versterk in die dag van stryd.

Ons moet voortdurend onthou waarvandaan God ons gelei het, hoe Hy nou met ons werk en waarheen Hy met ons op pad is. Onthou: God is getrou aan sy verbond. Wat 'n onuitspreeklike troos!

Sing: Psalm 89-1:2

Ds. HL Stavast (Henk) (Nylstroom)